

Uitgawe 83: Augustus 2018

Dit is nie maklik om perspektief te gee as ons die afgelope paar maande dieselfde refrein moes herhaal nie; dit terwyl niks eintlik verander het nie en u steeds bekommerd mag bly oor u kapitaal, asook die politieke retoriek. Dit is waarom gesoute beleggers verwys na ons vermoë om terug te staan in tye van onsekerheid en nie in die versoeking te kom om in oënskynlik aantreklike opsies soos Bitcoin of Sharemax te belê nie, of selfs alles in kontant om te skakel nie.

Ek het gedink dit is gepas om 'n paar gedagtes van Jason Zweig te deel. Hy is 'n gerekende rubrieksrywer by die Wall Street Journal in die VSA en bied merkwaardige insig en perspektief. Hierdie is 'n artikel van 5 jaar gelede (28 Junie 2013) getiteld "*Saving Investors from Themselves*" wat ons aangepas het en vertrou dat u die kommentaar sal waardeer. Die illustrasie het ek by Carl Richards van "The Behavior Gap" geleen.

Om die voorhandliggende uit te wys

Mnr. Zweig is blykbaar gevra hoe hy sy nering sou omskryf. Sy antwoord was eenvoudig: "*My plig is om presies dieselfde ding tussen 50 en 100 keer per jaar te skryf op so 'n manier dat nie my redakteurs of my lesers ooit sal dink dat ek myself herhaal nie.*" Terwyl finansiële markte voortdurend verander, moet goeie advies tog altyd dieselfde bly, nie waar nie? Die versoeking om met jou strategie te peuter, is amper onweerstaanbaar.



Hoeveel kan goeie advies werd wees?

Terwyl beleggers goeie raad nodig, wil hulle dikwels hoor wat goed klink (of dalk 'n gratis wenk kry) – dit word ook deur finansiële nuus en netwerke aangehits. Advies wat op korttermyn die beste klink, kan oor die lange duur groot gevare inhou. Dink vir 'n oomblik daaroor: deur die groot foute te vermy, kan oor die lang-termyn van onskatbare waarde wees. Neem byvoorbeeld die Steinhoff-sage. Dit is makliker gesê as gedaan en ons erken dit! Met terugskouing is alles natuurlik altyd perfek.

So soek elkeen 'n geheime resep, die towerstaf, of 'n padkaart na die mitiese lae-risiko-hoë-opbrengs-belegging wat jou geld in 'n japtrap kan verdubbel. Daar is heelwat mense op soek na die opbrengste van alles wat nuut en opwindend klink, en alles wat eenvoudig en vervelig lyk, wil ignoreer. Die meeste finansiële joernaliste, asook internasionale aandeelbeurse, is toegewyd aan die beginsel van bemarking: Wanneer die bobbejane langs die pad nuuskierig raak, voer hulle tog asseblief iets. Dit beteken dat beleggers in 1999 en vroeë 2000 internet- en kleinmaatskappye aangekoop

het; gedurende 2005 en 2006 is verduidelik hoe om eiendomme te koop en te verkoop in 'n lae rentekoersomgewing; in 2008 en 2009 het dit beteken dat mense aangemoedig is om hul beleggings op die JSE (Johannesburgse Effektebeurs) te realiseer; en sedert 2008 het dit beteken dat mense sonder gronde oortuig is dat effekte of skuldbriewe as "veilig" beskou kan word – soos hoë-dividendbetalende maatskappye.

Opvallend dat briljante navorsing deur die sielkundige Paul Andreassen jare gelede getoon het dat mense wat gereelde nuusopdaterings oor hul beleggings ontvang, laer opbrengste kry as dié wat geen nuus kry nie. Dit is ook geen wonder dat die media dié bevindings geïgnoreer het nie.

Die gemiddelde is goud werd

Ons moet toegewyd wees daaraan om uit ander (asook ons eie) se foute te leer. Bowenal beteken dit om ons teen onself te beskerm. Soos die legendariese belegger en analis, Benjamin Graham (en rolmodel van Warren Buffett) in 1949 in *The Intelligent Investor* geskryf het: "*The investor's chief problem – and even his worst enemy – is likely to be himself.*" Een van die belangrikste redes hiervoor is dat die finansiële doolhof daarop uit is om ons om die bos te lei. Dit is inderdaad harde woorde.

Uit data punte en ondervinding het dit lankal geblyk dat die statistiese neiging na die gemiddelde die kragtigste wet in finansiële fisika is, d.w.s. periodes van bo-gemiddelde prestasie word onvermydelik gevolg deur onder-gemiddelde opbrengste, en slegte tye stel onvermydelik die inleiding tot verrassend goeie prestasie daar. Dit kan die geval wees vir Suid-Afrika (onthou 2002 en die herstel van die Rand in die daaropvolgende jare).

Ongelukkig beskou *homo sapiens* die werklikheid in kort tydsrepe, wat 'n langtermyn-perspektief bykans onmoontlik maak. Die meeste van ons is geneig om te glo dat elke nuwigheid die begin van iets duursaam kan wees.

Ons doel is dus om die gemiddelde te oorweeg, terwyl die meeste ander die hoofopskifte aanhang. Ons verkies dat kliënte die jongste giere vermy en eerder kyk na beleggings wat vervelig, maar volhoubaar is. Daarom is ons noodwendig versigtig. Ons rol as 'n adviespraktyk, is ook om kliënte voortdurend te herinner dat, dit belangriker is om te weet wat om nie te doen is nie, eerder as om te weet wat om wel te doen. Ongeveer 90% van die tyd is die belangrikste om absoluut niks te doen nie. Ja, dit mag vir die meeste van ons baie vreemd klink!

Ten slotte...

Dit lyk inderdaad altyd anders. Die geskiedenis herhaal nie noodwendig homself nie, maar dit rym op 'n manier. Selfs met AI (Artificial Intelligence) sal die menslike natuur nooit verander nie. Ons moet altyd skepties wees oor enigiets wat onlangs in prys gestyg het, en mens moet altyd meer entoesiasies wees oor iets wat onlangs in prys gedaal het (en dan jou huiswerk doen). Dit is wat dit beteken om geleenthede te soek.

Die afgelope paar jaar het bewys dat dit vir Suid-Afrika en sy burgers moeilik was. Ons herhaal en moedig ons kliënte dus aan om by 'n persoonlike langtermyn finansiële plan te bly.